Hoofstuk 7

SAMELEWINGSTRUKTURE

1. ORIËNTERING

1.1 Kosmologiese oriëntering

Ons gaan uit van die aanname dat die mens se basiese roeping is om in verantwoordelikheid en gehoorsaamheid ten opsigte van God se roepingsorde *kultuur* te vorm (vide Hoofstuk 3, par. 3.3. en Hoofstuk 4, par. 1). Kultuur as die werksaamheid waardeur beginsels op modale vlak tot norme gepositiveer word, is eerder aan die orde gestel. In hierdie hoofstuk moet kultuur as die werksaamheid waardeur strukture op entiteitsvlak tot vorme gepositiveer word aan die orde kom.

Ons het ook eerder (vide Hoofstuk 4, par. 2.2.2) aangetoon dat daar in die verlengde van skeppingsbeginsels op modale vlak 'n hele netwerk van norme op elke lewensterrein tot stand kom vanweë die mens se kultuurtaak. Hierdie norme beheer menslike gedrag in al die belangrike sfere van die lewe en help sodoende om die lewe in stand te hou. Na hierdie sisteem van norme op die verskillende lewensfere het ons as "instellings" verwys (vide Hoofstuk 4, par. 2.2.1). In die gangbare sosiologie word daar gewoonlik vyf sulke instellings onderskei, te wete religie, politiek, ekonomie, verwantskap en opvoeding.

Wat vir die sosiologie van besondere belang is, is dat die mens nie bloot as enkeling geroep word om die kultuurtaak aan te pak nie, maar (miskien in die eerste plek) die mens-in-gemeenskap.

Vir hierdie saamstaan van mens en medemens om beginsels tot norme te positiveer en kultuur te ontsluit, het God ewe-eens "ons-strukture" (vgl Vrieze 1977:144, 158) in sy skeppingsorde voorsien. Dit is die samelewingstrukture wat ons op entiteitsvlak in die skeppingsorde aantref. In hierdie samelewingstrukture voorsien Hy die *bouplanne* (soos Hy beginsels op modale vlak voorsien) waarin daar vir die saamstaan van mense vir 'n spesifieke kultuurtaak voorsiening gemaak word. Aan die bouplanne moet konkrete gestalte gegee word; hulle moet ge*vorm* word aan die hand van die plan wat die Skepper gee. Soos die vorming van beginsels tot norme, hoort die vorming of positivering van strukture tot vorme dus ewe-eens tot die mens se kultuurtaak.

Ons het ook eerder aangetoon (vide Hoofstuk 2, par. 14.2) dat God vir 'n *verskeidenheid* samelewingstrukture voorsiening gemaak het. Kragtens die soewereiniteit in eie kring van elke struktuur, moet hierdie verskeidenhede in die kultuurtaak steeds intak gehou word.

1.2 Samelewingstrukture in die immanentistiese benaderings

Ons het ook reeds eerder (vide Hoofstuk 4, par. 2.2.2 einde) aangetoon dat die immanentistiese benaderings in die sosiologie, omdat hulle geen oog het vir die verskil tussen die modale en strukturele gegewe orde nie, nie sinvol tussen instellings en strukture kan onderskei nie.

Indien die uitgangspunt ter verklaring van die samelewing in die *modale* (volgens ons analise) sfeer van die werklikheid geneem word, word die *strukturele* "kompoment" uit die (prosesmatige) handeling *herlei*. Dit gebeur onder andere in Parsons se aanvanklike analise van die samelewing as hy die "strukturele komponent" daarvan via die verduursaming van interaksie tot 'n verhouding uit *handeling* herlei (vgl 1951:24 – 25). Uit die aard van die saak kan daar in só 'n benadering nie rekenskap gegee word van die permanente strukturele aard van die onderskeie samelewingstrukture nie. Hulle word dan nie slegs na hulle vorm nie, maar ook na hulle *aard* deur menslike interaksie *geskep*. Veral as handeling en interaksie deur 'n funksionalistiese inslag tot die bevrediging van die behoefte van die geheel verbind word, is dit begryplik dat hierdie benadering die struktuur van byvoorbeeld die huwelik kan sien verander soos die behoeftes en eise van die betrokke geheelsisteem verander (vide Hoofstuk 2, par. 2.1). Die huwelik, en per definisie ook alle ander samelewingstrukture soos die kerk en die staat, sou dan nie 'n konstante, deur-God-gewilde skeppingstruktuur hê nie.

Aan die ander kant neem Marx byvoorbeeld sy vertrekpunt vir samelewingsanalise in die "strukturele" vlak van die werklikheid in dié sin dat enige samelewing basies uit twee "klasse", te wete die onderdrukkers en onderdruktes, sou bestaan. Die klasse bestaan egter op sterkte van die magsmanipulasie van die onderdrukkers. Dit lei daartoe dat die permanente strukturele skeppingsaard van die onderskeie samelewingstrukture ook op hierdie standpunt verdiskonteer word vir die wyse waarop maghebbers hulle posisie legitimeer. Hoe die samelewingstrukture in 'n gegewe samelewing gedefinieer word (en geleef word) sal dus afhang van hoe goed dit inpas by die maghebbers se legitimeringstaak. Dit is oorbekend dat Marx byvoorbeeld die bestaan van die huwelik, die staat en die godsdiens (kerk?)op dié wyse verklaar. Per konsekwensie sou die aard van die onderskeie strukture op 'n gegewe tydstip dus slegs afhanklik wees van wie "bo" is. In die dialekties-historiese proses kan ook dit verander.

In albei die makrososiologiese benaderings (wat dit vir hulle uiteindelik tot taak stel om die breë kontoere van die samelewing, soos die samelewingstruktuur, te verklaar) word die onderliggende permanente aard van lewensbelangrike strukture dus opgehef en verdiskonteer vir 'n evolusionêre of revolusionêre tydstroom. In die struktureel-funksionalisme word die strukture deur die loop van die geskiedenis heen opgelos en verander vanweë 'n evolusionêre "adaptasie" (Parsons) by die nuwe behoeftes van die geheelsisteem. In die konflikbenadering word die strukture deur die loop van die geskiedenis verander vanweë 'n revolusionêre herskikking van mag.

Vir die Christen hou bogenoemde benaderings tot die samelewingstrukture konsekwensies in wat nie maar ligtelik opgeneem kan word nie. Die kern van ons belydenis aangaande die geskape aard van byvoorbeeld die huwelik, gesin, kerk en staat is hier op die spel. As ons hier sou toegee, verloën ons nie net ons belydenis nie, maar werk ons ook aktief mee aan die verkankerende gees van die huidige historisme wat deur Dooyeweerd (1963:59) 'n "geestelijke boosheid in de lucht" genoem word.

As ons trou wil bly aan ons belydenis en as ons waarlik Reformatories wil

meewerk aan kultuurvorming, sal ons die Westerse wetenskaptradisie ook op hierdie punt vaarwel moet toeroep en leer om ons studie-objekte op 'n radikaal-Christelike wyse te identifiseer.

1.3 Samelewingstrukture in ongedifferensieerde en gedifferensieerde samelewings

Ons het eerder (vide Hoofstuk 4, par. 8 einde) aangetoon dat onder andere *differensiasie* 'n belangrike kultuurnorm is: in die kultuurtaak moet dit wat God as't ware in 'n neutedop gegee het, tot sy volle "verskeidenheidsprag" ontwikkel en ontsluit word. In Hoofstuk 5 het ons gesê dat beskawing te doen het met die graad en rigting (mate en koers) aan kultuurontsluiting. In daardie hoofstuk het ons veral gelet op die koers of rigting van kultuurontsluiting: afhangende van die vraag of die geloof na die natuur- of kultuursy van die werklikheid retrosipeer, of op God as die ware Oorsprong antisipeer, word beskawing na waarheid gevorm of nie.

In hierdie paragraaf moet ons kortliks rekenskap gee van die mate of graad van kultuurontsluiting. Uit die aard van die saak hou ons ons daarin besig met die gevolg wat beskawing of kultuurontsluiting op entiteitsvlak het.

Die liefdesantwoord wat God van ons as mense vra, is ryk geskakeerd en genuanseerd: op elke modale sfeer van die lewe vra Hy antwoorde. Dit bring mee dat daar op entiteitsvlak 'n ewe rykgeskakeerde variasie van *antwoordgebiede* (vgl Vrieze 1977:158) as strukturele voorwaardes van naasbestaan om dié antwoorde te kan gee, sal wees. In die antwoordgebiede vat mens en medemens as't ware telkens mekaar se hande om telkens weer beginsels op ander lewensterreine te positiveer.

In samelewings wat nog *onontslote* is, kom hierdie ryk verskeidenheid en gevarieerdheid van roepingsgebiede op modale vlak en korresponderende antwoordgebiede op strukturele vlak nie genoegsaam in die oog nie. Die gevolg is dat slegs één vorm van menslike saambestaan op die been gebring word van waaruit gepoog word om ál die lewensfunksies (hoe flou ook al gedefinieer) te ontmoet. Dié vorm van saambestaan vertoon wel "uitstulpinge" (Strauss 1986:45) in die rigting van die verskillende modale funksies, maar tot 'n ware differensiëring tot gespesialiseerde antwoordgebiede vir die verskeidenheid roepingsfere kom onontslote samelewings nie. Daarom word hulle tereg ongedifferensieerd genoem.

So byvoorbeeld sal die patriargale grootfamilie godsdienstige, ekonomiese, opvoedkundige en politieke funksies inbind as funksies van die verwantskapsisteem. Dit is eers as beskawingsontwikkeling begin plaasvind en die verskillende funksies word helderder gedefineer dat daar ook 'n groter verskeidenheid van spesialisstrukture vir dié funksies uitdifferensieer. Dan differensieer kerke of geloofsgenootskappe, bedrywe, universiteite en skole, en afsonderlike regeer- en verdedigingstelsels uit om elk op sy eie terrein te funksioneer.

Die sosioloog Talcott Parsons het vir dié differensiëringsproses 'n oop oog gehad, maar het dit oombliklik aan evolusionistiese selfhandhawing gekoppel. Daarbenewens ontbeer hy kragtens sy uitgangspunt die vermoë om die tipiese

radikaalfunksies van die onderskeie strukture raak te sien en sodoende 'n ware analise van hul skeppings*aard* te maak.

Die Reformatoriese wysbegeerte het aan die lig gebring dat elkeen van die onderskeie samelewingstrukture as bouplanne van die Skepper oor 'n funderings- en kwalifiseringsfunksie (radikaalfunksies) beskik. Die aspek waarin die betrokke struktuur gefundeer is, rugsteun die struktuur, terwyl die betrokke struktuur gekwalifiseer is in dié aspek waarvan die beginsels primêr (volgens sy spesialiseringstaak) deur hom gepositiveer moet word. As sodanig beskik elke struktuur kragtens sy skeppingsaard oor 'n interne soewereiniteit in die kring wat tog ook weer in enkaptiese vervlegtheid met ander kringsoewereine sfere verweef is (vide Hoofstuk 2, par. 14.3).

Vervolgens word die onderskeie instellings kortliks behandel, en word uitvoeriger aandag gegee aan die strukture wat daarop betrekking het:

2. INSTELLINGS EN STRUKTURE

2.1 Verwantskap

Met "verwantskap" as instelling in die samelewing, word daardie kompleks van norme bedoel wat in verband staan met die feit dat mense met bande van bloed en seksuele affiniteit aan mekaar verbind is. Die "affiniteit" of liefde wat hier ter sprake is, is eiesoortig: dit appelleer steeds op die biotiese aan- of bloedverwantskap en word sodoende onderskei van byvoorbeeld die volk (volksliefde), ensovoorts. Mense "groepeer" of vorm egter ook rondom hierdie instelling saam.

Met betrekking tot die verwantskapsisteem, sou ons die volgende strukture kon onderskei: die huwelik, die gesin en die familie.

2.1.1 Die huwelik as verwantskapstruktuur

Elke wetenskaplike se opvatting aangaande die huwelik word in die laaste instansie bepaal deur die religie van die hart. Dit is byvoorbeeld bekend dat daar verskeie pogings vanuit humanistiese gesigshoek aangewend is om die struktuur van die huwelik vanuit gepositiveerde huwelike deur middel van 'n kruiskulturele definisie te bepaal (vgl Murdock 1967). Al sulke pogings is onses insiens futiel, aangesien ons in die gepositiveerde huwelik met die verwronge huwelik te doen het. Geen gepositiveerde huwelik vertoon ná die sondeval meer die oorspronklike ongerepte struktuur van die huwelik nie. Hoe verwronge dié gepositiveerde huwelik daar uitsien, sal weer eens afhang van die religie wat op die hart van die betrokke kultuurgemeenskap beslag gelê het. Daarom sal die huweliksvorm van die Christelike Westerse kultuur net ná die Hervorming relatief na-aan die oorspronklike struktuur van die huwelik kom, terwyl die huweliksvorm onder beslag van paganistiese grondmotiewe tot sulke wanstaltighede soos 'n huwelik tussen twee persone van een geslag (Nayar, Nuer) gevoer word.

Die futiliteit van die poging om 'n oorkoepelende definisie deur middel van kruiskulturele vergelyking te probeer konstrueer, blyk duidelik uit die aantal uitsonderings op byvoorbeeld Murdock se definisie (vgl Steyn en Breedt 1977:18 v). Om die aard van die huwelik te identifiseer, moet dié struktuur vanuit die *wetsy* benader word en nie vanuit die subjeksy nie.

Ons kies dus bewustelik om af te sien van bogenoemde poging ten einde die wesenlike eie-aard van die huwelik te omskryf, en aanvaar die Skriftuurlike waarheid sonder voorbehoud dat die huwelik 'n instelling van God is, dat die positivering daarvan deur die sondeval ingrypend geraak is en dat dit in die lewenspraktyk alleenlik in Jesus Christus en as vrug van Sy versoeningswerk (onder leiding van die Christelike grondmotief) weer herstel kan word. Ook in hierdie opsig is Jesus Christus, en net Hy, die Vervuller van die Wet. Die feit van die sondeval tas die oorspronklike *skeppingstruktuur* van die huwelik egter nie aan nie; slegs die *positivering* daarvan. Daarom is die ware huwelik onses insiens 'n lewenslange monogame, heteroseksuele, en op die een of ander wyse ook aan 'n gelegitimeerde vorm gekoppelde verbintenis, terwyl dit sy fundering in die geslagtelike onderskeid en vereniging van man en vrou, en sy kwalifisering in die etiese huweliksliefde vind. Die geslagtelike onderskeid en op-mekaar-afgestemdheid van die man en vrou (biotiese fundering) rugsteun die huwelik, terwyl dié struktuur sy bestemming vind in die gesamentlike roeping tot positivering van die huweliksliefde.

In die praktyk beteken dit dus dat ons nie kan saamstem as poligame huwelike (sowel poliandrie as poliginie), homoseksuele "huwelike", sogenaamde proefhuwelike en saamwonery op een lyn met die huwelik as instelling van God geplaas word nie. Die standpunt bring voorts mee dat ons nie akkoord kan gaan met die neiging om die verskille tussen die man en die vrou uit te wis nie, asook 'n prinsipiële afwysing van egskeiding.

In die jongste tyd word meermale gesê dat die tyd van die huwelik uitgedien is en, omdat nuwe tye nuwe lewensvorme verg, ons 'n totale nuwe huweliksvorm moet verkry, byvoorbeeld die sogenaamde "serial marriage" – (vgl Toffler 1970:231) of totale promiskuïteit (vergelyk die poging van Rusland na die Rooi Revolusie). Op Christelike standpunt handhaaf ons egter die onveranderlike struktuuraard van die huwelik. Dit beteken nie dat daar in die lewenspraktyk geen verskille in huwelikseremonies, hofmaakgebruike, ensovoorts mag voorkom nie – laasgenoemde is immers gewoontelike norme deur die samelewing gesanksioneer en daarom vatbaar vir verandering. Verandering sal selfs van tyd tot tyd *moet* voorkom, maar dan as hervormingsmaatreëls om die huwelik nader te kry aan sy oorspronklike skeppingsaard of -struktuur.

Ook die gepositiveerde struktuur van die huwelik mag van samelewing tot samelewing verskil – afhangende van die vraag hoe dié struktuur in die definisie van die lewe in die betrokke kultuur gedefinieer is. Van die skeppingstruktuur van die huwelik as grondgegewe kan geen kultuur egter loskom nie; sy radikaalfunksies bly.

Waarin is laasgenoemde dan geleë? In die biotiese fundering van die huwelik in die seksuele verskille en wedersydse aantrekkingskrag tussen man en vrou en die seksuele gemeenskap tussen een man en een vrou, asook in die morele huweliksliefde waarop die seksuele afgestem is en waardeur dit gelei word. Dit beteken dan ook dat die seksuele as sodanig goed is en deur God gewil word, maar dit beteken ook dat seks en liefde in die allernouste verband met mekaar staan. Menslike seksualiteit is dan ook *genormeerde* seksualiteit en geen afreagering van 'n drif soos by die dier nie. Voorts is die positivering van ge-

slagsliefde (soos dit byvoorbeeld in die seksdaad tot uitdrukking kom) kragtens sy skeppingsaard aan die struktuur van die huwelik gebind en word dit daardeur geborg. Dit is die rede waarom ook die geboorte van kinders (en daarmee die fisieke voortbestaan van die mensegeslag) in alle samelewings op een of ander wyse deur die huwelikstruktuur beskut word. Die wyse waarop die permissiewe tydsgees op hierdie stadium in die Westerse beskawing dié strukturele geborgdheid van die seksdaad en kindervoortbrenging relativeer, kan slegs maar as 'n beskawingramp gesien word.

Ook in dié opsig sal ons die relativistiese gevolge van die historisme (vide Hoofstuk 7, par. 1.2) betyds moet raaksien en die permanente strukturele skeppingsaard van die huwelik moet beklemtoon.

As struktuur druk die huwelik hom ook uit in elke modaliteit van die werklikheid (vgl Venter 1972:24). Die huwelik is 'n lewensgemeenskap; nie slegs 'n seksuele gemeenskap nie. Die feit dat die huwelik hom in elke aspek van die werklikheid uitdruk en dat elke aspek van die werklikheid 'n houvas op die huwelik het, beteken onmiddellik dat die huwelik (ook die aangaan daarvan en die huwelikskeuse) geen "privaatsaak" is nie.

Die huwelik druk hom byvoorbeeld in die geloofsaspek uit en geloofsooreenkoms of -verskille speel 'n deurslaggewende rol in die huwelik: "twee geloven op een kussen, daar ligt de duivel tusschen!"

Die huwelik het ook met byvoorbeeld die juridiese aspek te doen: dit bring die verskansing en waarborg van sekere wedersydse regte teweeg, asook van sekere gesamentlike regte ten opsigte van die samelewing. Om die rede moet die staat in die huweliksluiting geken en eerbiedig word.

Dit blyk noodsaaklik dat die huweliksgemeenskap deur een of ander vorm van formele huweliksluiting omring moet word – nie alleen ter wille van huweliksekuriteit (trou) nie, maar ook ter wille van die aanvaarding deur die gemeenskap. Die huwelikseremonie markeer die oorgang van die nie-egtelike na die egtelike staat in die oog van die gemeenskap: mense weet daarna hoe om die paartjie te hanteer en te "plaas". Saamwonery kom in die verband in die gedrang. Dit bring ons oombliklik by die feit dat die huwelik hom ook in die sosiale aspek van die werklikheid uitdruk: dit moet sosiaal erken en aanvaar (gelegitimeer) word. Geen samelewing duld dit dat sy beheer oor die aspek geïgnoreer word nie. Ons sou voorts ook kon aantoon dat die huwelik 'n ekonomiese, taal, estetiese, kultuurgemeenskap, ensovoorts is. Ons laat dit egter daar.

Van sosiologiese belang in die analise van die huwelikstruktuur is die samestelling van die *rolle* (man en vrou) daarvan. Die posisies is in die huwelikstruktuur gesetel, maar die funksionering daarvan vind in die modale vlak plaas. *Hoe* 'n man en vrou hul huweliksrolle speel, sal dus tot 'n groot mate bepaal word deur die *norme* (verwagtings aan die rolle gekoppel) soos dit in die betrokke kultuur geld, maar ook deur hul lewensdefinisie (beginselidentifisering).

2.1.2 **Die gesin as verwantskapstruktuur**

Die gesin moet van die huwelik onderskei word. Waar die huweliksverhouding primêr die man-vrou-verhouding en die interaksie tussen manlike en vroulike

rolle raak, gaan dit in die gesinsverhoudinge oor die interverwantskap van die vader-moeder-kind-rolle. Ook die gesin vind sy fundering in die biotiese modaliteit (bloedverwantskap tussen ouers en kinders) en kwalifisering in die etiese modaliteit – ouerliefde en kinderliefde.

Die verhouding tussen die huwelik en gesin kan op sy beste getipeer word as 'n vervlegting; dit wil sê elk behou sy siek. Die man-vrou-verhouding word nie opgehef en gaan nie op in die ouer-kind-verhouding nie.

Soos in die geval van die huwelik, het die veranderinge wat die moderne leefwyse kenmerk, ook op die gesin 'n besondere uitwerking gehad. Dit het die gesin onder andere "losser" van die breër verwantskapstruktuur gemaak, asook "kleiner". Die rolle van die man en die vrou is ook ingrypend geraak. Die gesinsosiologie gee as spesialiseringsgebied hieraan besondere aandag.

Elke individu kan gedurende sy lewenspan van ten minste twee soorte gesinne 'n lid kan wees. Die gesin van oriëntasie is die gesin waarvan 'n mens afstam; dit wil sê die ouerhuis waarin jy grootgeword het. Die gesin van prokreasie is die gesin wat jy self vorm ná die aangaan van 'n huwelik waaruit kinders gebore word.

Die gesin moet as een van die allerbelangrikste strukture in die samelewing beskou word. Die gesin is 'n *primêre* sosiale eenheid (vide Hoofstuk 6, par. 9.1.3.3 – in dié geval sou die begrip "groep" onvanpas wees) waarin die interaksie tussen die lede van 'n intieme en persoonlike aard is. As sodanig is die gesin uitnemend geskik om as primêre sosialiserings- en opvoedingsagent op te tree (vide Hoofstuk 6, par. 8.6). Dit is in die gesin dat die kind die lewe leer definieer en leef. Hier leer hy om met ander saam te leef; dit is trouens sy eerste kennismaking met die "ander". Dit is hier waar kultuuroordrag op alle lewensterreine op 'n spontane wyse kan geskied en waar (veral die manlike en vroulike) rolverwagtings op 'n spontane wyse geïnternaliseer word.

2.1.3 **Die familie as verwantskapstruktuur**

Ons is gelukkig dat ons in die Afrikaanse taal 'n onderskeid kan maak tussen die gesin en die familie. Met die familie bedoel ons hier die verskillende grade van bloed- en aanverwantskap wat in die verwantskapsisteem voorkom. "Familie" is 'n breër begrip as "gesin" in die sin dat dit ook die posisies van grootouers, ooms, tantes, neefs en niggies insluit. Verwantskap kan hier natuurlik tot die n-de graad nagespeur word sodat dit later werklik moeilik word om te bepaal hoe wyd die grense van 'n mens se familie loop!

'n Kenmerk van die moderne samelewing is juis dat die familiale bande aan sterk verval onderworpe is. Vroeër het 'n aantal gesinne in 'n ongedifferensieerde vorm in die patriargale grootfamilie of sogenaamde uitgebreide gesin saamgewoon, gewerk, ontspan, opgevoed, ensovoorts. Dié familie waarin 'n hele aantal gesinne in 'n ingekapselde vorm saamgebind is, was toe die basisordening van die hele samelewing. Soos eerder aangetoon het die moderne lewenswyse egter 'n proses van strukturele differensiasie ontketen waardeur die enkelgesin (kerngesin bestaande uit vader, moeder en afhanklike kinders) as 'n afsonderlike entitiet al sterker na vore tree. Hierdie ontwikkeling van die "losser" en "kleiner" gesin het belangrike implikasies vir die sosiale lewe. Aan die een kant gee dit geleentheid dat die gesin sy spesialisfunksie beter kan ver-

rig; aan die ander kant gaan dit ook gepaard met 'n emosionele oorbelasting van die kleinerwordende gesin – verskynsels wat in die gesinsosiologie bestudeer word.

Uit wat tot dusver gesê is, moes die belang van die verwantskapsisteem as 'n samestelling wat verband hou met norme en vorme om huweliks- en gesinsliefde te positiveer, vir die samelewing reeds duidelik geword het. Nie alleen sorg dié sisteem vir die biologiese instandhouding en voortplanting van die mensegeslag nie; dit is ook 'n onontbeerlike steunpilaar in die proses van primêre sosialisering en opvoeding en dus vir die oordrag van sosiale en kulturele norme en waardes van een geslag na 'n ander – 'n proses waarsonder die samelewing nooit ordelik sou funksioneer nie.

2.2 **Opvoeding en onderwys**

Enige samelewing poog om die waardes, norme en lewenstyl (kultuur) wat vir hom belangrik is, te kontinueer. Dit word gedoen via die proses van opvoeding. Om dié rede ontwikkel daar in die samelewing 'n kompleks van norme en gebruike om aan die kind (en volwassene) die waardes, norme ensovoorts van die betrokke samelewing oor te dra. Kortweg sou ons dus kon sê dat die opvoedingsisteem met kultuuroordrag te doen het. In dié verband ondervind ons egter 'n probleem om aan die hand van ons model opvoeding as 'n instelling aan te dui. Ons het eerder gesê dat instellings normkomplekse is wat in die belangrike lewensfere funksioneer – bedoelende die onderskeie modaliteite. Opvoeding is egter nie tot 'n enkele modaliteit beperk nie; dit is juis die proses waardeur die norme en waardes (kultuur) in *al* die modaliteite oorgedra word.

As die individu dit oorneem, het dit uit die aard van die saak ook vir hom implikasies in die sin dat sy persoonlikheidstruktuur daardeur ontsluit en ontwikkel word. Vanuit die gesigspunt van die sosiologie konsentreer ons egter op die samelewing. Die rol wat opvoeding in die samelewing speel, is om norme en waardes so aan die individu oor te dra dat hy dit kan internaliseer. Dit stel die individu enersyds in staat om gemaklik by die samelewings- en kultuurpatroon in te skakel; andersyds bied dit aan die samelewing die betreklike waarborg dat sy bestaande normstelsel voortgesit sal word.

In die ongedifferensieerde samelewings was die verwantskapstrukture die basiese strukture in die samelewing en is opvoeding slegs as 'n funksie van die verwantskapstrukture gesien – met die uitsondering van universiteite. Veral ná die Industriële Revolusie is 'n proses van strukturele differensiasie egter ontketen waardeur sekere tradisionele verwantskapsfunksies mettertyd uit die verwantskapsisteem gedifferensieer het en in afsonderlike strukture gevestig is. Opvoeding sou een van die funksies wees. Dit is egter duidelik dat opvoeding ook byvoorbeeld deur die huisgesin en die kerk onderneem word en daarom nie slegs tot die spesialisstrukture soos die skool, universiteit en kollege beperk is nie. As daar na gespesialiseerde opvoeding verwys word, sou dit waarskynlik beter wees om die begrip "onderwys" te gebruik. Hoewel die huisgesin vandag nog 'n belangrike opvoedkundige funksie vervul, het die skool, die universiteit, kollege en technikon 'n groot deel van dié taak oorgeneem. Die eis van spesialisasie het natuurlik ook hiertoe bygedra.

In die ouer ongedifferensieerde samelewings was die lewe tot 'n groot mate

eenvoudig in dié sin dat daar min beroepsmoontlikhede en min keuses met betrekking tot waardes en norme was. Die lewe was redelik eenvormig. Daarbenewens was die lewe stadigbewegend. Die kennis, vaardighede, norme en waardes wat vir die vorige geslagte gegeld het, is feitlik net so deur die ouers aan hulle kinders oorgedra – en dié kon dit feitlik weer net so gebruik om hulle te laat inpas in hulle eie sosiale en kulturele patroon (dink byvoorbeeld aan landboumetodes). Die ouerhuis kon die kind feitlik volledig toerus vir die lewe.

In die gedifferensieerde samelewings is dit totaal anders. Vanweë die gedifferensieerdheid van norme, waardes, beroepsmoontlikhede en vaardighede kan ouers dié taak nie meer alleen hanteer nie. Veral in die beroepslewe (wat so 'n groot klem in die moderne samelewings ontvang) het die eis van beroepseffektiwiteit en -vaardigheid so toegeneem dat dit soms lyk of die hele opvoedingsproses deur slegs hierdie een kanaal gevoer word.

In die jongste tyd word daar almeer 'n appèl op skole en universiteite gemaak om meer beroepsgerig te wees in hul opvoedingstaak – kennelik 'n eis van die moderne industriële orde met beroepsprestasie en welvaart as kulturele waardes. Ons Westerse kultuur word feitlik geheel-en-al oor 'n ekonomistiese boeg gegooi sodat ons arbeidsdoeltreffendheid as die "hoogste waarde" aanslaan, daarom beskou ons kultuuroordrag (opvoeding) ook feitlik slegs in dié lig. Volgens Venter (1973:39) moet die funksie van die skool steeds bly: kultuuroordrag oor die hele lewenslinie heen; dit wil sê kennis van eie taal, kultuur en geskiedenis; om te leer lees, skrywe, reken ensovoorts.

By nadere toesien blyk dit egter tog dat die skool, sonder om af te doen aan die breë kultuuroordrag waartoe dit geroep is, in die besonder toegespits is op die ontsluiting van die *analitiese* vermoë van die kind. In nog 'n groter mate geld dit van die universiteit. Daar is dus in die samelewing *strukture* nodig wat in die besonder die taak het om analitiese (logiese) beginsels te positiveer.

Ons gee vervolgens daaraan aandag.

2.2.1 **Die skool as opvoedingstruktuur (onderwysstruktuur?)**

Volgens Strauss (1978:314) is die skool as struktuur in die historiese modaliteit gefundeer: dit word gerugsteun deur die organisasie van onderwysmag. Sekere "magte" (met bevoegdhede volgens ons analise) word in die samelewing gemonster ten einde die onderwysende aksie so effektief as moontlik te laat geskied (onderwysdepartemente, skoolkomitees, leerplanne, kontrole . . . .). Die skoolstruktuur is gekwalifiseer in die logiese modaliteit: dit moet die geskape vermoë om ontledend volgens logiese beginsels te kan dink, positiveer.

Van sosiologiese belang is die feit dat die kind in die moderne samelewings in die skool sy eerste kennismaking met die sogenaamde "sekondêre" sosiale eenhede verkry (vide Hoofstuk 6, par. 9.1.3.3). Op 'n redelike vroeë ouderdom maak die kind dus kennis met relatief onpersoonlike verhoudings en die klem op prestasie as 'n middel waardeur aanvaarding verkry kan word.

Van verdere sosiologiese belang is die sogenaamde "vervrouliking" van die onderwys: die feit dat veral primêre onderwys hoofsaaklik deur vroue hanteer word, kan belangrike implikasies vir die geslagsrolsosialisering van die kind inhou.

2.2.2 **Die universiteit as opvoedingstruktuur (onderwysstruktuur?)**

Ook die universiteit vind, volgens Strauss (1978:314) sy fundering in die historiese en sy kwalifisering in die logiese modaliteit. Die universiteit moet studente leer om wetenskaplik te dink en om die wetenskap te beoefen deur middel van navorsing, ensovoorts. Omdat daar reeds veel oor die aard van die universiteit (in vervloë tye en tans) gepubliseer is, laat ons dit daar.

> AANBEVELING: Oor die aard van die universiteit, vgl bv Strauss 1978:314 – 320; Bingle 1969:254 – 268.

2.2.3 **Die kollege en technikon as opvoedingstrukture (onderwysstrukture?)**

Ook die kollege en technikon lê hulle daarop toe om studente wetenskaplik te vorm, maar met die doel om hulle deur middel van die wetenskaplike kennis vir 'n bepaalde beroep op te lei. Dié strukture is dus meer beroepsgerig as die universiteit.

2.3 **Godsdiens**

In die gangbare sosiologie word die begrip "religie" in dié verband gebruik. Ons reserveer egter dié begrip vir die bo-modale sentrale dryfkrag in die betrokke gemeenskap. "Godsdiens" onderskei ons dan hiervan. Godsdiens is die kompleks van norme en gebruike in 'n betrokke samelewing wat in die geloofsmodaliteit funksioneer.

As samelewingsinstelling het die godsdiens te doen met die verhouding tot die Bonatuurlike of Laaste Grond wat in die betrokke kultuur onder leiding van die betrokke religieuse grondmotief erken word. Hiermee bedoel ons nie dat die samelewing die religie of godsdiens "skep" nie, maar wel dat die samelewing sekere kultiese gebruike, rituele, konfessies, ensovoorts in stand sal probeer hou ter wille van die feit dat die besef van die "Opperwese" in herinnering bly.

Dit blyk vir die samelewing noodsaaklik te wees dat die herinnering aan die "Opperwese" intakt bly. Dit is immers hier waar die Hoogste Gesag gesetel is – as sodanig 'n waarborg dat die samelewing eerbied sal hê vir die kulturele beginsels, waardes en norme wat vanuit die religie gedefinieer is.

"Godsdiens" handel dan oor al daardie kultusse, rituele en konfessies wat met die mens se verhouding tot die gedefinieerde Opperwese in verband staan.

As sodanig is godsdiens 'n sisteem van handelinge wat te doen het met die positivering van die geloofsbeginsel. Nadat die geloof gedefinieer is (op dié of daardie oorspring gerig), word daaraan gestalte gegee in bepaalde konfessies, kultusse en rituele.

Godsdiens is dan ook 'n uitvloeisel van die religie wat op die hart van die betrokke gemeenskap beslag gelê het. Dit is immers die religie as sentrale oorsprongsdryfkrag wat op die geloof as grensfunksie 'n appèl maak om die lewe in diens van die oorsprong te stel. Godsdiens verteenwoordig dié diensbaarheid op kultiese vlak. Die ander vlakke (fasette) van die lewe (dink aan die modaliteite), word uit die aard van die saak ook deur die lewe-omspannende religie vir diensbaarheid aan die gedefinieerde oorsprong opgeëis, maar elk op sy eie terrein.

Omdat godsdiens met die gepositiveerde *geloofs*beginsel te doen het, is dit 'n universeel-menslike verskynsel. Geloof is 'n skeppingsgegewe wat aan alle mense eie is. Daarom kan die bestaan daarvan nie uit 'n universele behoefte by die mens (soos die funksionalistiese sosiologie nie – vgl Durkheim 1915) of uit magsmanipulasie (Marx) verklaar word nie. Dié beginsel moet uit die aard van die saak gepositiveer word en die positivering kan aweregs wees in sy gerigtheid; kan die *trekke* van loutere behoeftebevrediging of 'n magsmiddel vertoon, maar die aard van die geloof kan daaruit nie verklaar word nie.

Godsdiens kom as sodanig dan ook in alle samelewings voor – vanaf die offerkultusse en magie onder beslag van die natuurreligieë tot by die aanbidding en belydenis van die Lewende God in 'n Christelike erediens.

Dit blyk verhelderend te wees om 'n onderskeid tussen geloof en godsdiens te maak.

Godsdiens is die sisteem van handelinge wat in die geloofsmodaliteit funksioneer. Omdat die *geloof* 'n lewensdefiniërende rol speel, kan ons verwag dat die definisie van beginsels in al die lewensfere tot 'n groot mate met die geloof van die betrokke gemeenskap sal saamhang. In ongedifferensieerde gemeenskappe is die onderskeie lewensfere (vir sover as wat hulle intuïtief onderskei is) dan ook as't ware onder die vlerke van die *godsdiens* wat in die geloofsmodaliteit funksioneer, geneem. In baie gevalle moes die priester byvoorbeeld die grond heilig alvorens gesaai is (ekonomiese werksaamheid).

In gedifferensieerde gemeenskappe word daar 'n duideliker onderskeid gemaak tussen geloof en godsdiens enersyds, en godsdiens en die res van die lewensfasette andersyds. Godsdiens word dan meer beperk tot sy eie terrein (die konfessionele, kultiese verhouding met die Opperwese) terwyl die ander lewensfasette elk in eie reg funksioneer. Godsdiens word dan nie meer as voorskriftelik vir die res van die lewe geag nie.

Hierdie prinsipieel-korrekte verskynsel kan egter ontaard as die res van die lewensfasette in dié proses ook van die *geloof* losgesny poog te word. Deur die geloof word die volle lewe immers op sy Oorsprong saamgebundel. Alle geloofsakte is egter nie godsdienstige akte nie. As die res van die lewensfasette saam met tipies-godsdienstige akte en handelinge ook die geloof van hulle losmaak, tree 'n proses van *sekularisme* in: die volle lewe word van sy gerigtheid op die Oorsprong losgeslaan en die onderskeie lewensfere dreig om só selfstandig te raak dat 'n proses van disintegrasie van die lewe begin intree.

Dat dit onder andere in die Westerste kultuurgemeenskap gebeur het, is myns insiens nie te ontken nie. Onder andere vanweë die denkrevolusie (onder beslag van die humanistiese religieuse grondmotief) is gepoog om alle lewensfasette rasioneel te verklaar. Godsdienstige sakralisering is mities, kulties en konfessioneel oorbodig geag. Daarmee is die lewe egter nie net tot 'n groot mate onttower nie, maar is die spreekwoordelike baba (geloof) saam met die badwater (alle godsdienstige inhoude sou mities wees) weggegooi. 'n Mens kan egter sonder geloof en godsdiens nie. Die huidige terugkeer tot godsdiens is getuie hiervan.

Volgens die blad "Getrouw", Oktober 1986, toon 'n onlangse Gallup-opname dat "religieuse mense" in die wêreld vanaf 1970 tot 1979 vanaf 72% tot 79% toegeneem het. In dieselfde tydperk het uitgesproke ateïste vanaf 13% na 4,4% verminder. Bogenoemde syfers raak alle godsdienste. Spesifiek wat die Christendom betref, is die prentjie nie so rooskleurig nie. Onderstaande tabel toon die persentasie groei van die wêreldgodsdienste gedurende die afgelope vyftig jaar.

Godsdiens	Islam	Hindoeïsme	Boeddhisme	Christendom
% groei	225%	117%	63%	47%

Desnieteenstaande het die Christendom nog die grootste aanhang in die wêreld. Onderstaande tabel vertel die volle verhaal (1986):

Godsdiens	Christendom	Moslem	Hindoe	Boeddhisme	Ander	Nie-godsdienstig	Ateïs
Getal	1,6 miljard	837 miljoen	661 miljoen	300 miljoen	457 miljoen	825 miljoen	213 miljoen

Uit die aard van ons onderwerp, beperk ons ons vir die bespreking wat nou volg tot die Christelike godsdiens.

2.3.1 **Die kerk as godsdiensstruktuur**

Die begrip "kerk" kan op 'n meersinnige wyse gebruik word:

(a) As die "*liggaam van Christus*"; dit wil sê die eenheid van alle gelowiges in Christus Jesus oor alle tye en volke heen. Dit is die volk van God. So het ons dit al hanteer as mense met dieselfde religieuse wortelgemeenskap in Christus. As ons die begrip só gebruik, behoort dit met 'n hoofletter geskryf te word;

(b) as die *samelewingstruktuur* of bouplan wat God voorsien het. Hierdie struktuur moet dan onderskei word van die konkrete, bestaande denominasies en

(c) as daar verwys word na die gepositiveerde struktuur. Die verskillende Christelike *denominasies* kom dan in die gesigsveld.

Hierdie onderskeid blyk van deurslaggewende belang te wees as die Ryksburger sy kultuurtaak na behore wil volvoer. Vanweë die invloed van die skolastiek op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is die werklikheid dikwels in terme van twee terreine gesien: 'n sakrale boonste vlak waarop die godsdiens en die kerk geplaas is, en 'n profane onderste vlak: die "wêreld". Omdat die kultuurtaak so ten nouste met die "wêreld" verweef is, was dit vanuit hierdie model uiters moeilik om aan te toon presies hoe dié taak volvoer

moes word. "Oplossings" het dan ook gewissel van 'n volslae wêreldmyding en 'n terugtrekking op die boonste vlak tot pogings om die kerk in die wêreld te laat versmelt. Op sy beste is daar vanuit die model gepoog om via die kerk en godsdiens aan die wêreld voorskrifte te gee oor hoe die lewe op al sy vlakke geleef behoort te word.

In die jongste tyd word in Reformatoriese kringe (vgl byvoorbeeld Strauss 1978: 238 v – ook vir verdere literatuurverwysings) almeer besef dat die *Christendom* as lede van die liggaam van Christus met mekaar die botydelike religieuse wortelgemeenskap in Christus, die Tweede Adam, deel; as sodanig *in alle lewensfere* vanuit die geloof as Christene leef en 'n Christelike roeping tot kultuurvorming het. Dit is dus nie die kerk as "instituut" wat moet bepaal hoe Christelike ekonomiese of politieke beginsels daar uitsien en hoe (beleid) dit gepositiveer moet word nie. Dit kan ook nie van die godsdiens synde kultiese en konfessionele geloofshandelinge verwag word nie. Nog minder kan dit van teoloë as wetenskaplikes wat die geloofsterrein bestudeer, verwag word. Christene self wat vanuit 'n herbore hart deur die geloof op dié terreine arbei, is deur die Heilige Gees toegerus (en behoort beter toegerus te word) om dié identifisering en positiveringsbeleid te behartig. Die kerk as samelewingsverband word op dié standpunt één van die gestaltes waarin gelowiges hulle vir hulle Koninkrykstaak organiseer. Hierdie standpunt hoef nie die kerk as samelewingsverband in sy waarde en in sy roeping aan te tas nie; inteendeel: as die kerk ontslae kan raak van die ballas van oneintlike kerktake, kan hy beter daartoe in staat wees om sy spesialisfunksie te vervul. Hierdie funksie bly van kardinale belang vir die funksionering van Christene in die samelewing (vgl Smit 1982:80 v).

Waarin bestaan die spesifieke funksie van die kerk as samelewingstruktuur? Dit kan eers aan die lig kom as 'n struktuurontleding van die kerk gedoen word.

As samelewingstruktuur (dus: as gegewe van die Skepper) rus die Christelike kerk op die historiese modaliteit (die vermoë om 'n geloofsverband op die been te bring) en vind dit sy kwalifisering in die geloofsmodaliteit. Die kerk verkondig amptelik die Woord, bedien die sakramente en dra die Woord uit ten einde die geloof in God in die samelewing te laat bloei. Die Heilige Gees laat die *mag* van die Woord in die harte van mense geskied en bring hulle so tot oortuiging. Dit is die taak van die kerk.

Die kerk is met 'n ander mag toegerus as die staat. Die kerk kan mense nie dwing om in te val by 'n bepaalde lewenspatroon nie. Die interne ordereëling (gesag) waaroor die kerk beskik, bly liefdesgesag en oortuigingsgesag of geloofsgesag (kerklike tug). Toegerus met die Woordmag appelleer die kerk op die *oortuiging* van die hart (geloof). Die kerk moet mense "uitdaag" om dit met God in die geloof te waag; om vanuit die volle rykdom van die heil in Christus en sy Gees te leef. Vanuit hierdie geloof behoort elke lidmaat op sy eie lewensterrein die Koninkrykstaak te verrig. Voorskriftelikheid op die ander lewensterreine en dwingelandy gaan teen die aard van die kerk in.

Ook die kerk druk hom op tipies-eie wyse uit in elke aspek van die werklikheid. So het die kerk 'n kerkreg (juridies); beheer dit geldsake (ekonomies), ensovoorts – alles op tipies kerklike wyse.

Aan die kerklike struktuur moet steeds vorm gegee word – 'n taak wat 'n goeie gestalte aan die kerk kan gee of hom wanstaltig kan maak; 'n taak waaraan steeds gewerk moet word ook met inagneming van eie tyd en omstandighede. Ook in hierdie vormgewende taak moet die onderskeid tussen Kerk en kerk egter gehandhaaf bly. 'n Poging om die eenheid van die Kerk (wat in Christus reeds 'n gegewe is) op een of ander wyse in die vormgewing aan die strukture in te wring tot een vorm (samelewingstruktuur), lyk vir my na 'n astrukturele poging. Die kerk in die sin van samelewingstruktuur is tog nie uitputtend identies aan die Kerk as liggaam van Christus nie. Eers as ons glo dat die tydelike kerkstruktuur volledig die liggaam van Christus is, word dit 'n imperatief om strukturele kerklike eenheid ten alle koste te bewerk. Die verskillende denominasies wat vanweë kulturele vormgewing 'n ryke verskeidenheid vertoon, is tog nie veronderstel om die totaliteit van die Kerk te verteenwoordig nie – soos reeds aangetoon.

Die godsdiens as instelling en die lewensvorme wat daarmee saamhang is ingrypend deur onder andere die industriële orde geraak – fasette van die sosiologie wat in die godsdienssosiologie bestudeer word.

2.4 **Politiek**

Waar die verwantskapsisteem 'n hele reeks norme en gebruike rondom die etiese beginsel saambundel, en waar die godsdiens 'n reeks norme rondom die geloofsbeginsel saambundel, daar is dit die doel van die politiek as instelling om 'n reeks gebruike en norme rondom die juridiese (regs-) beginsel van die werklikheid saam te bundel. Op die wyse word gesorg dat die beginsels van reg en geregtigheid soos dit in die betrokke kultuur onder leiding van die religieuse grondmotief gedefinieer is, tot gelding gebring word. In die verband kan gedink word aan gelegitimeerde landswette, howe, hofprosedures en -seremonies, verkeersordonnansies, ensovoorts – 'n hele kompleks van gebruike, norme en rituele wat daarop ingestel is om die reg te handhaaf en uit te bou.

Die wyse waarop die funksionalistiese benadering in die sosiologie politieke funksies feitlik uitsluitlik met *mags*uitoefening verbind, vind ons totaal onbevredigend en onaanvaarbaar.

In die Parsoniese benadering word die samelewingswerklikheid byvoorbeeld ontleed in terme van die behoeftes of "vereistes" van die samelewing as 'n geheel. Vir die samelewing om te kan voortbestaan moet aan hierdie vereistes voldoen word. Parsons onderskei dan vier sulke "funksionele vereistes" op 'n tyd- en ruimte-as (vgl Cilliers en Joubert 1966:34):



Rondom hierdie "funksionele vereistes" ontwikkel die "institusionele komplekse" soos volg:

Godsdiens:) Verwantskap:) Opvoeding:)	fokus primêr op *patroonhandhawing*
Politiek:	fokus primêr op *doelbereiking*
Ekonomie:	fokus primêr op *adaptasie*
Regstelsel:	Fokus primêr op *integrasie*

Omdat "mag" deur dié benadering gesien word as die middel om *doelstellings* mee te bereik, word dit ten nouse met die politiek as institusionele kompleks verbind (vgl Cilliers en Joubert 1966:245). Hier word egter nie helder genoeg onderskei nie. *Alle* strukture wat in die historiese modaliteit gefundeer is, beskik immers oor mag – byvoorbeeld die staat, kerk en bedryf. Omdat die benadering die geldende of heersende Westerse samelewings tot sy model of verwysingsraamwerk verhef (vanweë sy gebrek aan insig in die kosmiese struktuuraard van die werklikheid), speel dit in die hand van die moderne strewe om alle relevante sosiale mag in die staat te sentreer – waarby in die volgende paragraaf stilgestaan word.

2.4.1 **Die staat as politieke struktuur**

Die struktuur wat by uitstek te doen het met die handhawing van die politieke sisteem is die staat. Ook die staat is 'n skeppingstruktuur wat die historiese

modaliteit tot fundering het en die juridiese modaliteit tot kwalifisering. Reg en mag hang dus in die staatsverband ten nouste saam. Die staat hou as't ware die swaard in die een hand en die skaal in die ander hand. Met die swaard moet hy die skaal beskerm.

Die staat moet in die juridiese modaliteit die regsbeginsels positiveer en die vele regsnorme in stand hou. Hy moet die veelheid van regsbelange harmonieer; sorg dat elkeen sy eie regsruimte ten volle kan beset, en verhoed dat een se regsruimte die van 'n ander skend.

Die feit dat die staat oor historiese swaardmag (vgl Romeine 13:4) beskik, gee aan die staat die mag tot dwang en selfs geweld wanneer die regsorde van die samelewing ingrypend bedreig word. Anders as byvoorbeeld die kerk (Woordmag), mag die staat dus dwang en geweld gebruik en selfs oorlog maak – maar dan slegs wanneer die *regsorde* van die betrokke samelewing bedreig word. Die staat mag dus nie 'n godsdienstige kruistog met sy swaardmag onderneem nie; wel mag hy die vryheid van godsdiens binne sy regsorde verskans – selfs met die swaard! Die staat mag in 'n demokratiese bestel ook nie 'n bepaalde politieke magsgroep teen die wil van die stemgeregtigde meerderheid aan die regeer hou nie; wel mag die staat ingryp as die heersende politieke magsgroep wat wettiglik daargestel is, bedreig word.

In dié verband is dit egter noodsaaklik om te onderskei tussen die staat, die owerheid en 'n politieke party.

Die staat dra die swaard ter wille van die regsordelike welwese van *almal* (burgers) wat onder sy jurisdiksiegebied of territorium (land) ressorteer. Dit is juis oor hierdie "almal" in die "territorium" dat hy regsbelange moet harmonieer.

Die owerheid is die *gesagsinstansie* wat binne die staatsverband optree (gesagstruktuur). Die verskillende gesagsposisies soos staatspresident en minister word dus geroep om in hierdie ampte die welwese van almal in die territorium na te streef.

'n Politieke party word op die been gebring om 'n bepaalde *beleid* waarvolgens regsbeginsels gepositiveer behoort te word, daar te stel. In 'n demokratiese samelewing waar die meerderheidstem die deurslag gee, word die party met die beleid wat die meeste steun by wyse van hoofdelike stemming verkry, in die gesagstruktuur geplaas (owerheid) om oor die belange van die staat (harmoniëring van almal se regsbelange) te waak. Dit is dus nie 'n politieke party wat oor 'n land regeer nie, maar die owerheid in staatsbelang. Demokrasieë is eie aan relatief ontwikkelde, gedifferensieerde samelewings waarin individuele besluitneming tot 'n groot mate ontsluit is vanweë 'n hoë graad van geletterdheid en ontwikkeling. Hoewel die burgers in so 'n samelewing die owerheid nie *skep* nie, is dit tog hulle wat die owerheidspersone deur middel van stemreg verkies of daarstel (plaas) en deurentyd toets (vgl Strauss 1978:236) of die owerheid nog volgens die meerderheidsbeleid regeer. Die owerheid in 'n demokratiese bestel is dus tot 'n hoë mate afhanklik van die *legitimiteit* van die burgers. Dit bring mee dat demokratiese regerings tot 'n groot mate "onstabiel" is, maar andersyds bied dit die geleentheid dat die burgers aan deelnemende besluitneming kan meedoen.

Demokrasieë veronderstel ingeligtheid by die burgers oor die waardes wat deur die owerheid se besluitnemingsprosesse bereik moet word. Deur hul stemreg legitimeer die burgers die beleid waarvolgens hulle tot dié waardes in die besluitnemingsproses verbind word. Daarom veronderstel demokrasie ingeligtheid tot op die onderste stratum van die stemgeregtigde burgers.

'n Ander uitwerking wat die moderne kultuur op die staat het, word in die verheffing van die staat tot totaalstruktuur gevoel. Die moderne tyd eis rasionalisasie van onder andere die ekonomie en politiek. Dit word verwag dat die staat die leiding moet neem in verband met die beplanning en uitvoering hiervan. Om die rede word die staat tot totaalstruktuur verhef en alle ander lewensvorme deur middel van 'n subsidiestelsel van die staat afhanklik gemaak. Op die wyse word die beginsel van soewereiniteit in eie kring egter geskend – met fatale gevolge vir die lewenspraktyk (vgl van Riessen 1953).

In die sosialisme en veral in die kommunisme word die staat inderdaad tot 'n topstruktuur in 'n piramidaal-gestruktureerde samelewingsorde verhef, en alle ander strukture daarvan afhanklik gemaak ter wille van 'n gesentraliseerde leiding van die samelewing – veral om ekonomiese doelwitte te bereik.



Die sogenaamde "laat-kapitalisme" (die fase waarin die kapitalisme hom tans sou bevind) verskil in die opsig egter nie veel van sosialisme nie. In dié vergestalting van die kapitalisme kom almeer sterk sake-ondernemings tot amalgamasie en kartel-vorming – wat 'n besondere konsentrasie van ekonomiese *mag* in die topstruktuur van die piramidaalgestruktureerde ekonomiese lewe teweegbring. As die staat in so 'n samelewingstelsel gesien word as die uitvoerder van ekonomiese doelwitte (soos dit inderdaad in die na-Keynesiaanse Weste geskied), word die staat in 'n sekere sin die uitvoerende direkteur van 'n beleid wat deur die ekonomie voorgeskryf word – en word die prentjie feitlik presies dieselfde as hierbo.

Vgl hiervoor Smith 1983:159 – 160 waar verdere literatuurverwysings ook aangetref word.

Veral in die samelewings waarin *welvaart* die dominante waardesisteem geword het, word dit van die staat verwag om welvaart en sekuriteit vir al sy burgers te beding en te orkestreer. Daardeur word die staat gedwing om sy tipies juridiese funksie in te boet vir 'n algemene kultuurleidende funksie (die welvaartstaat). Een van die probleme hieraan verbonde is egter dat die burgers gaandeweg só na die staat begin opsien as die werkverskaffer, diensteverskaffer, sekuriteitverskaffer en welvaartverskaffer dat individuele verantwoordelikheid in die gedrang kom. Die burger kom dan in 'n *eisende* verhouding ten opsigte van die staat te staan – wat legitimering weer ernstig kan destabiliseer.

Hoewel die positivering van juridiese beginsels die primêre taak van die staat is, kan dit tog gebeur dat die staat ook op terreine wat nie aan hom eie is nie moet opereer, byvoorbeeld in die geval van opheffings- of ontwikkelingswerk waar sekere samelewingsfere nie oor die middele beskik om self tot ontwikkeling te kom nie. In so 'n geval is dit die algemene roeping tot beskawingsontwikkeling wat voorrang geniet bo die spesialisfunksie van die staat. Dié stand van sake behoort egter in orde herstel te word sodra die onderontwikkelde op eie bene kan regkom.

As alles wat tot dusver gesê is in ag geneem word, verbaas dit ons nie dat die politiek en die staat vandag in die sentrum van woeling in die samelewing staan nie.

2.5 **Ekonomie**

Die ekonomie as instelling bundel 'n aantal norme en gebruike rondom die ekonomiese aspek van die lewe saam. Op dié wyse kan die ekonomie as instelling daartoe meewerk dat die ekonomiese Wil van God (dat spaarsaam omgegaan sal word met skaars goedere en dienste) tot gelding gebring word. In dié verband kan norme in verband met besit (privaat of gemeenskaps), verwerwing van inkomste en besit en gebruike soos handelstransaksies genoem word. In die moderne samelewing en kultuur neem die ekonomie as instelling 'n baie belangrike plek in.

In die pre-industriële samelewings is ekonomiese aktiwiteite op ongedifferensieerde grondslag veral vanuit die verwantskapsisteem voltrek. Ná die Industriële Revolusie het ekonomiese handelinge uit die verwantskapsisteem uitgedifferensieer om vanuit afsonderlike strukture voltrek te word. As voorbeeld van so 'n struktuur sou ons die bedryf kon noem.

2.5.1 **Die bedryf as ekonomiese struktuur**

Die bedryf verteenwoordig 'n hoogs interessante verskynsel wat in meer besonderhede deur die bedryfsosiologie bestudeer word. Die gestaltegewing aan ons moderne samelewing word tot op 'n baie groot hoogte bepaal deur die wyse waarop hierdie samelewingstruktuur gedefinieer en gepositiveer word – wat op sy beurt weer afhang van die moderne definisie van die lewe.

Die moderne bedryf het as 'n duidelik-onderskeibare samelewingstruktuur na vore getree toe die proses van strukturele differensiasie ná die Industriële Revolusie aan die gang gesit is. Arbeid is op daardie stadium uit die huis of die verwantskapsisteem uitgehaal en in hierdie afsonderlike struktuur vergestalt. Dit het gebeur deurdat gesinslede wat op 'n groot skaal na die industriële stede toe getrek het, elkeen soggens sy eie koers na sy/haar werk toe moes kry. Daar

het hulle, verwyderd van hul familielede, 'n volle dag se arbeid saam met ander werknemers verkeer om dan saans weer terug te keer huis toe. Weg was die familiebande wat in die landelike werksituasie gehandhaaf gebly het. Hierdie afsonderlike struktuur; hierdie nuwe sosiale organisasie van die werksituasie verg nou ons aandag.

Die bedryf as afsonderlike skeppingstruktuur is gefundeer in die historiese modaliteit en gekwalifiseer in die ekonomiese modaliteit van die werklikheid. Die bedryf word dus gerugsteun deur *mag* (die historiese modaliteit): die ekonomiese mag van die *ondernemer*. Een ondernemer of meer besluit om bepaalde ekonomiese doelwitte na te jaag en monster die magsmiddele soos kapitaal, mannekrag en bestuursvermoë wat hy daarvoor nodig het. Vanuit hierdie magsbasis is hy nou in staat om ekonomiese beginsels te positiveer. As die ondernemer nie daartoe in staat is om die magsmiddele ter wille van ekonomiese positivering te monster nie, sal hy nie tot daadwerklike positivering kan oorgaan nie.

In die verband het die gestaltegewing aan die bedryf in die moderne kultuur nie prinsipieel korrek verloop nie. Waarskynlik vanweë die ekonomistiese en materialistiese waardestelsel is alles gedefinieer as ekonomiese objekte: kapitaal, grondstof en mannekrag is op 'n gelyke wyse as ekonomiese objekte gesien. Tot 'n groot mate is daar aan die mens gedink in terme van sy produksievermoë – iets wat beheer en bestuur moes word om die ekonomiese proses so winsgewend as moontlik te laat verloop. Vir sy produksievermoë (arbeid) is die werknemer (beter of slegter) beloon en daarmee klaar. Dit het tot die moderne *loonarbeider* as verskynsel gelei: die aandeel van die werker in die bedryf strek net so ver as sy arbeid; daarvoor word hy deur die bestuur beloon en verder het hy geen medeseggenskap nie. Dit het die werknemer in 'n *afhanklike* posisie ten opsigte van die bestuur geplaas – waarin hy ook gemaklik uitgebuit kon word.

Dit is hierdie verloop van sake wat dikwels tot 'n gespanne verhouding tussen bestuur en werker aanleiding gegee het asook tot die totstandkoming van *vakbonde* wat so 'n belangrike rol in die moderne samelewingsopset speel. In die vakbonde het die werkers die enigste uitweg gesien om 'n kollektiewe bedingingsmag ten opsigte van die bestuur te monster.

Op hierdie belangrike ontwikkelings in die moderne samelewing keer ons later terug.

In hierdie paragraaf (2) het ons gepoog om 'n prinsipiële ontleding van sommige samelewingstrukture as skeppingstrukture (teenoor die evolusionêre en revolusionêre verklaring) te maak deur ook te fokus op die spesialisfunksies daarvan. Spesialisfunksies en die differensiëring van afsonderlike samelewingsvorme in eie reg, het ons aangetoon, kan eers in 'n relatief ontslote kultuur (beskawing) na vore tree.

Skematies voorgestel, sou die samelewingstrukture dus soos volg daar uitsien:



3. SOEWEREINITEIT IN EIE KRING EN DIE SAMELEWINGSTRUKTURE

Ons het eerder aangetoon dat soewereiniteit in eie kring sowel op die vlak van die modaliteite as die entiteite voorkom (vide Hoofstuk 2, par. 14.2). Die betekenis wat hierdie beginsel vir die samelewingstrukture op die vlak van die entiteite het, moet nou kortliks aan die orde kom.

Dit is slegs op Christelike standpunt dat die samehangende verskeidenheid van God se skepping in die oog gevat kan word. Alle ander perspektiewe moet een aspek van die tydelike werklikheid tot oorsprongs- en verklaringsbeginsel verhef en alle ander aspekte hieruit herlei – met die gevolg dat die soewereiniteit in eie kring van die onderskeie aspekte teoreties verlore gaan.

Dieselfde verskynsel voltrek hom op die vlak van die samelewingstrukture op immanentistiese standpunt: die samelewingstrukture word verkeerd "gelees" of gedefinieer. Een samelewingstruktuur word tot verklaringsbron verhef en alle ander strukture word daaruit herlei – met die gevolg dat die siek van die onderskeie strukture verlore gaan. Dit is al gedoen met die gesin (die gesin word dan gesien as die "kiemsel" waaruit die hele samelewing sou "ontwikkel") en in die moderne samelewings word dit gedoen met die staat: die staat word verhef tot totaalstruktuur waarvan alle ander samelewingstrukture afhanklik is.

van die man in die huwelik verwag; wat word van die vrou verwag? In sommige strukture sal die rolvoorskrifte informeel wees, en in ander weer formeel. Die man tree immers anders teenoor sy vrou op as teenoor sy werkgewer. Die rolkonsep lê dus as't ware op die snypunt tussen die sosiale modaliteit en die samelewingstrukture.

Die besondere inset van die sosiologie tot die bestudering van die samelewingsvorme is dus geleë in die aspek van die inagname of omgang tussen mense soos hulle in hul besondere posisies en rolle in die strukture gesitueerd is – onder andere soos dit verander het vanweë groot kulturele verskuiwings en hoe dit tans daar uitsien.

Nou is dit egter so dat nie alle wyses van inagneming tussen mense vanuit 'n posisie en rol in 'n bepaalde struktuur plaasvind nie. Die verhouding tussen man en vrou het wel so 'n agtergrond in 'n bepaalde struktuur; hulle inagname is as't ware verwortel in 'n samelewingstruktuur: die huwelik. Dieselfde geld van die verhouding tussen predikant en gemeentelid (kerk), werkgewer en werknemer (bedryf), en onderwyser en leerling (skool). Wat nou egter van die verhouding of omgang tussen vriende en bure? Klaarblyklik is hierdie verhoudings (wat ewe-eens deur inagname gekenmerk word en waarin sekere kulturele verwagtings of norme soos etiket wel verreken word) nie verwortel in 'n bepaalde struktuur nie en word dit ook nie gedra deur 'n besondere rolsamestelling nie. Wat meer is: in laasgenoemde verhoudings is daar ook nie sprake van gelegitimeerde gesagsposisies teenoor mekaar soos in die geval van die eerste reeks voorbeelde nie. Dit blyk dus dat daar omgangswyses en omgangsvorme tussen mense bestaan wat nie tuishoort in die kategorie "samelewingstrukture" nie.

Ons moet dus 'n fyner genuanseerde onderskeiding tussen die omgangsvorme op die vlak van die entiteite vind; ons moet "tipes" van die betrekkingsvorme tussen mense vind.

Sulke pogings om 'n onderskeid tussen omgangsvorme te tref is al herhaaldelik in die sosiologie aangewend. Bekend is byvoorbeeld Ferdinand Tönnies se onderskeiding tussen Gemeinschaft en Gesellschaft (Gemeinschaft synde die vorme waarin daar 'n groter mate van intimiteit aanwesig is en Gesellschaft die vorme waarin daar formele verhoudinge geld) en Charles Horton Cooley se onderskeiding tussen primêre en sekondêre groepe (primêre groepe synde die vorme waarin daar "face-to-face relationships" geld; sekondêre groepe waarin daar formele verhoudinge geld). Kenmerkend van alle onderskeidinge vanuit immanentistiese gesigshoek is egter dat nie een van hierdie pogings die strukturele eie-geaardheid van die lewensvorme verreken nie. Die grense tussen die onderskeie lewensvorme word genivelleer en almal word ongenuanseerd op 'n kontinuum wat wissel van intieme tot formele verhoudinge geplaas. Dit kom daarvandaan dat siek nie raakgesien word nie.

In die denktradisie van die Wysbegeerte van die Wetsidee is eweeens meer as een poging aangewend om omgangswyses te klassifiseer. Hierdie pogings bevredig my persoonlik egter nog nie – vgl Smith 1983:74 – 77 vir verwysings en kritiek.

Wat nou volg, is 'n poging tot klassifisering:

4.1 Verbande

Selfs in die ouer, ongedifferensieerde samelewings het bepaalde *strukture* bestaan wat klaarblyklik van fundamentele belang vir die voortbestaan van enige samelewing is – die sogenaamde "volkspilare". Hieronder val die staat, kerk en verwantskapstrukture. Selfs al het staat, kerk en familie in byvoorbeeld die samelewing van oud-Israel tot 'n groot mate op ongedifferensieerde wyse saamgeval was daar reeds toe 'n onderskeiding tussen die drie in kiemvorm by die samelewing aanwesig. Daarvan getuig die afsonderlike ampte van profeet en priester (godsdiensstrukture), koning (politieke struktuur) en familiehoof of oudste (verwantskapstruktuur).

Ons wil aflei dat enige samelewing onderlê word deur sulke basiese skeppingsordeninge wat noodsaaklik is; wat tot op 'n groot hoogte op direkte Goddelike instelling berus. Hulle is (in ongedifferensieerde vorm dikwels) in enige samelewing aanwesig.

Hierdie basiese ordeninge wil ons graag samelewingsverbande noem. Hulle word gekenmerk deur 'n sterk gesagstruktuur en bly voortbestaan onafhanklik van die kom en gaan van hul lede. Die individu behoort normaalweg kragtens sy geboorte hieraan; daarom omvat verbande individue tot 'n groot mate onafhanklik van hul eie wil.

In die moderne samelewing sou hieronder val: kerk, staat en gesin. Hierdie lewensvorme *verbind* die individu tot 'n groot mate tot deelname of assosiasie. Ons klassifiseer hierdie lewensvorme immers vanuit die gesigshoek van die *sosiale* modaliteit! Voorts *verbind* die strukture die samelewing fundamenteel tot sy voortbestaan. Vandaar die benaming: verbande.

4.2 **Organisasies**

Die moderne, struktureel-gedifferensieerde samelewings word, naas die bestaan van verbande, gekenmerk deur 'n onoorsigtelike hoeveelheid lewensvorme of omgangsvorme wat deur mense uitgedink en georganiseer is met die oog op die bereiking van spesifieke doelstellings. Die kenmerkende van hierdie organisasies is dat hulle almal in die historiese modaliteit van die werklikheid gefundeer is: hulle is *gevorm*; georganiseer. Vandaar ook hulle benaming. Hulle kwalifisering kan egter in enige aspek van die werklikheid geleë wees, afhangende van die doel wat hulle moet help bereik. So sal die politieke party waarskynlik in die geloofsmodaliteit gekwalifiseer wees (oortuiging), die Stigting Simon van der Stel in die estetiese modaliteit, Aksie Morele Standaarde in die etiese modaliteit, ensovoorts. Die bedryf sou in hierdie lig ook as 'n organisasie bekend moes staan.

> Daar is 'n mate van verwarring (ook in die bedryfsosiologie) oor wat presies onder 'n bedryf verstaan moet word. Gewoonlik word 'n bedryf sosiologies gesien as enige *onderneming* waar mense saamwerk om goedere of dienste te lewer; ofte wel die sosiale organisasie van die werksituasie. As sodanig is alle "bedrywe" egter nie ekonomies gekwalifiseer nie; die meeste seker wel. Hoe onderskei ons egter nou die ekonomies-gekwalifiseerde van die ander? Sou dit nie in die lig hiervan beter wees om te praat van "die sosiologie van organisasies" nie? Hieronder kan die bedryf as ekonomies-gekwalifiseerde organisasie nog steeds ondersoek word.

Kenmerkend van alle organisasies is dat hulle oor 'n gesagstruktuur beskik. Dit is trouens juis die monstering van mag en gesag wat organisasies rugsteun in die bereiking van hul doelwitte. 'n Organisasie kan egter weer ontbind word net soos dit gestig is. Hulle is voorts relatief gevoelig vir die kom en gaan van hul lede en dié se belangstelling. Die individu het ook 'n veel groter mate van vryheid wat sy betrokkenheid by organisasies betref.

Die vraag ontstaan natuurlik: kan ons van alle organisasies sê dat hulle op Goddelike instelling berus? Is daar 'n struktuur of bouplan in die skeppingsorde vir alle organisasies voorsien? Indien nie, vir watter dan wel?

4.3 **Maatskapverhoudinge**

In enige samelewing bestaan daar ook verhoudings of wyses van assosiasie tussen mense wat veel meer *kortstondig* van aard is; waarin daar nie van 'n gelegitimeerde *gesags*verhouding sprake is nie, en waarin die verhouding sonder veel "drama" *aangegaan en beëindig* word. Die individu bevind hom hier klaarblyklik veel meer in die sfeer van die persoonlike vryheid met sy naaste. Omdat mense mekaar in hierdie omgangswyses op gelyke voet en sonder die binding van 'n permanente gesagstruktuur ontmoet, noem ons die tipe omgangsvorme "maatskapverhoudinge". Voorbeelde hiervan sou wees: vriendskappe, buurskap, die verhouding tussen winkelier en klant (mark), ensovoorts.

4.4 **Groepe**

In die sosiologie bestaan daar tans nog, wat my betref, groot onduidelikheid oor wat presies 'n maatskaplike groep is en hoe dit van ander omgangswyses onderskei moet word. Wanneer die skeppingsorde buite sig verdwyn, verdwyn ook die moontlikheid om die prinsipiële omlyning van maatskaplike omgangsvorme te bepaal. Om dié rede word die begrip "groep" in die sosiologie op feitlik alle menslike "groeperinge" of sosiale eenhede van toepassing gemaak. Voorlopig lyk dit vir my of dié begrip gereserveer moet word vir daardie omgangsvorme waarin daar 'n intensiteit van gedeelde belange ervaar word, waar daar 'n besondere "ons"- bewussyn ontstaan en waar die groepsdoelstellings direk verband hou met die motiverings- en behoeftebevrediging van lede (vgl Joubert en Steyn 1965:19), maar waarvoor daar nie 'n bepaalde kosmiese struktuur aantoonbaar is nie.

As sodanig kan daar 'n onoorsigtelike hoeveelheid *soorte* groepe in die samelewing werksaam wees.

4.5 **Gemeenskap**

Afgesien van bogenoemde samelewingstipes bestaan daar ook wyses van assosiasie waarin mense gesamentlik poog om gemeenskaplike waardes met behulp van die mees primêre middele of bronne te bereik. Gewoonlik het hierdie waardes te doen met die basiese lewensbehoeftes. Vir die vervulling van dié behoeftes is mense op mekaar aangewys vir die gesamentlike gebruikmaking van die middele wat daartoe in die natuur gegee is. Hulle het dit dan met mekaar in *gemeen* dat hulle gesamentlik op die bronne vir gemeenskaplike behoeftebevrediging aangewys is. So byvoorbeeld in die huwelik (seksuele bronne ter wille van behoeftebevrediging) en die stad en platteland (natuurlike woonspasie en habitat ter wille van bestaansbehoeftes). Sulke tipes assosiasie staan as gemeenskappe bekend. Gemeenskappe is dus in die natuursy van die werklikheid gefundeer, maar die individu het 'n redelike mate van vryheid aangaande sy verbintenis daartoe. Die aangewesenheid op die natuursy word egter ingespan om waardes in die kultuursy van die werklikheid te verwesenlik.

'n Gemeenskap het dus 'n "fisiese" komponent (grondstowwe, fauna, flora, seksuele bronne) sowel as 'n kulturele komponent.

'n dorp, 'n stad en die platteland waarna hierbo verwys is, sou in die lig hiervan dus wel as tipiese gemeenskappe geklassifiseer kon word, maar dan slegs wat die algemene bewoningsruimte daarvan betref. Binne hierdie bewoningsruimte word daar ook verbande, organisasies en groepe aangetref – onder andere om die primêre bestaansmiddele te *omvorm* tot bruikbare kommoditeite.

4.6 **Die samelewing**

Ons sou die knooppunt; die omvattende grootheid waarbinne verbande, organisasies, maatskapverhoudinge, groepe en gemeenskappe funksioneer, kon aandui met die begrip "samelewing". Die samelewing is dus die mees-omvattende eenheid waarbinne interaksie voorkom. As ons dus van die "samelewing" praat, verwys ons na die geheel van die sosiatiewe prosesse en omgangsvorme van die lewe.

Ons gebruik die begrip "geheel" hier nie in die sistemiese sin van die woord nie. Ons sien die samelewing nie as 'n geheel met dele wat oor *dieselfde* interne *struktuuraard* as die geheel beskik nie. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring bewaar ons daarvan. Die samelewing is teen dié agtergrond eerder 'n *enkaptiese struktuurgeheel*.

Sosiatiewe prosesse en omgangsvorme kan egter ook van plek tot plek en van tyd tot tyd verskil. Daarom is dit ook sinvol om sekere tye se samelewings van ander te onderskei – en om sekere lande se samelewings van ander te onderskei. Dit is ons taak (breedweg) vir die volgende hoofstuk.